DIE REGTE PLEK

Kix-pirasie

Deel aan elke groeplid een lekker met 'n papiertjie om en 'n paar prente van verskillende kositems uit. Plaas klein blikkies oral as vuilgoeddrommetjies. Kyk na die prente van die kosse en maak 'n opname van alles wat weggegooi moet word voor en na 'n mens die items eet.

As simbool van al die rommel wat ons genereer, frommel die prente op en gooi dit in die blikkies. *(Jy kan dit interessant maak vir die leiers deur aan elkeen die kans te gee om van die kos items kamma te "eet" en dan die papiertjies op te frommel en eenkant te gooi. Dit hoef dan nie in 'n asblik gegooi te word nie as simbool van die rommelprobleem om ons.)* Ons gesels oor die rol wat rommel in ons lewens speel. Ons gesels oor herwinning, verpakking en ook oor ons verantwoordelikheid om die aarde te versorg.

Daar is ook 'n ander soort rommel.

Sonde, slegte herinneringe, swak verhoudinge, onnodige stres en bekommernisse wat soos rommel "rondlê" terwyl die "snippermandjie" naby is. Ons sit soveel keer met probleme en sorge en ons neem dit nie na Jesus toe nie. Lees Matteus 11:28-30 en deel met mekaar wat hierdie uitnodiging van Jesus vir julle beteken.

Eet die lekkertjie, besluit wat dit is waarvan jy rus nodig het. Gooi die papiertjie in die blikkie en spreek daarmee die vertroue uit dat Sy rus vir jou beskikbaar is.